basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V1

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Geloof in die bestaan van gode of god:

A Dualisme
B Judaïsme
C Teïsme
D Monoteïsme (1)

1.1.2 'Die Een lewer die Twee. Die Twee lewer die Drie en die Drie lewer die tien duisend dinge' ('The One produces the Two. The Two produces the Three and the Three produces the ten thousand things') is 'n aanhaling uit die …

A Talmoed.
B Tao Te Ching.
C Boek van Mormon.
D Vedas. (1)

1.1.3 Godsdienstige wette wat deur Ortodokse Jode gehoorsaam word, word … genoem.

A geloof in die Tora
B lering oor Jahweh
C Genesis
D Halakhah (1)

1.1.4 Om vas te hou aan tradisionele, konvensionele waardes word … genoem.

A Confucianisme
B Sekularisme
C konserwatisme
D dwaalleer/kettery (1)

1.1.5 Watter EEN van die volgende is NIE een van die Hindoe-geskrifte NIE?

A Upanishads
B Punjab
C Vedas
D Bhagavad Gita (1)

1.1.6 Boeddhisme is grootliks deur … beïnvloed.

A Hindoeïsme en Islam
B Islam en Sikhisme
C Taoïsme en Hindoeïsme
D Islam, Hindoeïsme en Confucianisme (1)

1.1.7 Die persoon wat Profeet Mohammed na sy dood in 632 AE opgevolg het, was …

A Abu Bakr.
B Hussein.
C Umar.
D Ismael. (1)

1.1.8 'Niemand sal aan arbitrêre inhegtenisneming, aanhouding of ballingskap onderworpe wees nie …' is 'n aanhaling uit die …

A Universele Verklaring van Menseregte.
B Handves vir Barmhartigheid.
C Onafhanklikheidsverklaring van die Verenigde State van Amerika.
D Vryheidsmanifes. (1)

1.1.9 Die sentrale doktrines van die Bahá'i-geloof word in die … vervat.

A Koran
B Tora
C Vedas
D Kitab-i-Aqdas. (1)

1.1.10 Die geslagslyn van 'n voorouer tot by 'n persoon of gesin/familie:

A Voorganger
B Paternaal
C Literalis
D Stamboom (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Bevryding uit die siklus van weergeboorte by Hindoeïsme word … genoem. (1)

1.2.2 Die aanneem van valse godsdienstige oortuiging en praktyk word … genoem. (1)

1.2.3 Die persoon wat die gemeentegebed in Islam lei, is die … (1)

1.2.4 Hierdie geestelike en fisiese oefening wat spesifieke liggaamshoudings en asemhalingbeheer gebruik, word … genoem. (1)

1.2.5 'n Geloof wat beweer dat alle godsdienste paaie na die waarheid is en dat hulle ewe waar is, word … genoem. (1)

1.2.6 Die organisasie wat vir die eerste keer in 1970 in Kyoto, Japan, byeengekom het, is die … (1)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Ander onderafdelings binne Protestantisme | A | kosjer |
| | | B | ahimsa |
| 1.3.2 | Begrip en vergifnis tussen mense wat 'n slegte verhouding gehad het | C | mantra |
| 1.3.3 | Dit wat in Judaïsme toelaatbaar is | D | versoening |
| 1.3.4 | Toon diep respek of eer vir iemand of iets | E | Nirvana |
| | | F | Eucharistie |
| 1.3.5 | Moet nooit enigiets wat lewe skade berokken nie | G | kerkverbande |
| 1.3.6 | Staat van perfekte geluk en vrede in Boeddhisme | H | verering |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: piesang; appel; aartappel; druiwe
ANTWOORD: aartappel
REDE: Die ander is almal vrugte.

1.4.1 Shoghi Effendi; Haifa; Jerusalem; Bahá'u'lláh (2)

1.4.2 Mohammed; Allah; Bahá'u'lláh; Abu Bakr (2)

1.4.3 Saïvisme; Shaktisme; Soefisme; Vaishnavisme (2)

1.4.4 Mitzvot; Tripitaka; Bybel; Vedas (2)

1.4.5 Boeddhisme; Hindoeïsme; Taoïsme; Bahá'i (2)

1.4.6 Tao Te Ching; niebestaan; die Tien Gebooie; onvoorspelbaarheid (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 In Judaïsme is Dawid die goddelike naam van God. (2)

1.5.2 Die heilige teks van die Bahá'i-geloof is oorspronklik in Grieks geskryf. (2)

1.5.3 Volgens die Taoïstiese siening is die oorsprong van al die wêreld se prosesse tien duisend dinge. (2)

1.5.4 Hindoeïsme leer dat 'n persoon god kan wees. (2)

1.5.5 Die stigter van Boeddhisme was Swami Vivekenanda. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf EEN feit oor ELK van die volgende terme neer:

1.6.1 Jin en Jang (1)

1.6.2 Ideologie (1)

1.6.3 Mite (1)

1.6.4 Eenheid (1)

1.6.5 Uniekheid (1)

1.6.6 Eucharistie (1)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, noem TWEE feite oor ELK van die volgende:

2.1.1 Gemeenskaplike lewenswyse (4)

2.1.2 Tao (4)

2.1.3 Reïnkarnasie (4)

2.1.4 Vier Edel Waarhede (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Judaïsme (4)

2.2.2 Christenskap (4)

2.2.3 Bahá'i-geloof (4)

2.2.4 Hindoeïsme (4)

2.3 Verduidelik die filosofie van Ubuntu. (4)

2.4 Beskryf TWEE faktore wat die godsdienstige identiteit van mense vorm. (4)

2.5 Bespreek DRIE ooreenkomste tussen *Christenskap* en *Afrika Tradisionele Godsdiens*. (6)

2.6 Verduidelik die verskil tussen die konsepte *lering* en *geloof.* (4)
**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

**VOOROORDEEL TEEN GODSDIENS?**

In 'n navorsingstudie by Amerikaanse universiteite is daar bevind dat Christen-studente 'n baie klein minderheid van hulle wetenskap-fakulteite uitmaak. Een moontlike verduideliking is dat wetenskapdepartemente/-fakulteite teen Christen-studente bevooroordeeld is wat aktief deelname kan ontmoedig en voorkom dat Christen-studente wetenskaplikes word.

Hierdie studie wat by wetenskap-fakulteite op twee universiteitskampusse gedoen is, het bevind dat 'n biologie-professor 'n Christen-student, wat op 'n sendingtoer saam met sy kerkgroep gegaan het, as 'minder geskik vir werk, minder bevoeg en minder innemend' beskou het as studente wat nie hulle Christen-identiteit onthul het nie. Vooroordeel teenoor Christene in die wetenskapsveld is moontlik beperk tot 'n spesifieke tipe Christenskap wat wetenskaplikes fundamentalisties en/of evangelisties genoem het.

[Vertaal en aangepas uit https//www.USAID.religion//Journals.plos.org.]

**BRON B**

**GODSDIENS IN DIE MEDIA**

Indien jy voel dat daar die afgelope paar jaar meer godsdiensbesprekings in die Britse media plaasvind, toon 'n tien-jaar-studie van verskillende mediavertonings dat jy reg is. Dekking van gewilde godsdiens, Christenskap en die openbare lewe, Islam en ander godsdienste, en ateïsme en sekularisme het sedert die aanval op 9/11 op die Amerikaanse Twin Towers toegeneem.

Dit is nie beperk tot nuusdekking nie, maar is ook duidelik in sport, vermaak en advertensies. Die heel grootste groei is in die dekking van Islam en dit is oorweldigend negatief: Islam word as 'n 'probleem' voorgestel. Dekking van die Christelike geloof is egter ook groot. Waarom sal dit so wees as kerkbywoning en ortodokse Christelike geloof in dieselfde tydperk afgeneem het?

Godsdiens word steeds in die taal van populêre kultuur weerspieël en Christenskap word steeds as deel van die nasionale erfenis en die Britse landskap voorgestel. In 'n nasie wat toenemend as gevolg van afnemende deelname godsdienstig ongeletterd is, is die media belangriker as ooit om die publiek oor godsdienstige sake in te lig.

[Bron: https://www.religionandsociety.org.uk/publications/journal-artikels]

3.1.1 Volgens BRON A, waarom word Christen-studente in wetenskap-fakulteite onderverteenwoordig? (2)

3.1.2 Met verwysing na BRON A, wat is die invloede van vooroordeel teen godsdiens by universiteite? (4)

3.1.3 Evalueer die betroubaarheid van die navorsing wat in beide BRONNE A en B hierbo gedoen is. (8)

3.1.4 BRON B noem dat ten spyte van 'n afname in kerkbywoning, mediadekking van godsdiens steeds groot is. Gee TWEE redes waarom dit so is. (4)

3.1.5 Waarom is daar ekstra dekking van Islam (BRON B)? (6)

3.1.6 Dink jy die media kan 'n 'nasie wat toenemend ... godsdienstig ongeletterd is', help? (BRON B) Gee DRIE redes vir jou antwoord. (6)

3.2 Wat kan godsdienstige organisasies doen om negatiewe mediadekking te voorkom? (10)

3.3 Die media het tydens die Covid-19-pandemie 'n belangrike rol in godsdiens gespeel. Brei uit op hierdie stelling. (10)

**[50]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS EN KONFLIK**

Konflik is 'n lewenswerklikheid. Godsdiens is soms deel van die probleem, maar die ware bedoeling van godsdiens was nog altyd om konflik te voorkom.

Godsdienste het mettertyd baie meganismes ontwikkel om tot vrede by te dra en om konflik te voorkom.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12,* Steyn et al.]

4.1 Uit die godsdienste wat jy bestudeer het, noem enige DRIE godsdienstige lerings wat vrede bevorder. (6)

4.2 Dit blyk dat die Afrika-kontinent gewapende godsdienstige konflikte in verskeie streke ervaar. Identifiseer EEN so 'n streek en beantwoord die vrae wat volg.

4.2.1 Noem die gebied waar konflik in Afrika plaasvind. (2)

4.2.2 Noem die partye wat by die konflik betrokke is. (4)

4.2.3 Bespreek die oorsake van die konflik wat jy by VRAAG 4.2.1 hierbo genoem het. (10)

4.2.4 Lewer kommentaar op die huidige situasie met betrekking tot hierdie konflik. (10)

4.2.5 Stel praktiese stappe voor wat godsdiensorganisasies kan volg om hierdie konflik op te los. (8)

4.3 Dink jy dat godsdienstige konflikte wêreldwyd toeneem? Gee redes vir jou antwoord. (10)

**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS EN MENSEREGTE**

Die Westerse benadering tot menseregte, godsdiensvryheid en verdraagsaamheid is redelik sterk gedryf deur openbare sentiment wat onstaan het uit ervarings wat te make het met godsdienstige konflikte en vervolgings.

Godsdienstige verdraagsaamheid word gedefinieer as 'verlening van godsdiensvryheid aan mense van alle godsdienstige tradisies, selfs al kom hulle geloof en/of praktyke vreemd of onwaar voor'.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

5.1 Verduidelik die verhouding tussen *godsdienstige verdraagsaamheid* en *godsdiensvryheid*. (8)

5.2 Gee DRIE voorbeelde van hoe godsdienstige verdraagsaamheid in Suid-Afrika getoon word. (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alhoewel die term 'menseregte' nie in enige van die godsdienstige bronne gevind kan word nie, lê die basis van menseregte in godsdienstige idees.

[Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al.]

Met verwysing na ELK van die godsdienste hieronder genoem, bespreek hulle lerings wat menseregte bevorder:

5.3.1 Islam (8)

5.3.2 Boeddhisme (8)

5.3.3 Judaïsme (8)

5.4 Noem SES voordele daarvan om in 'n samelewing te leef wat godsdiensvryheid aanmoedig. (12)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou